

24 Junie - KAIN

Skrifgedeelte: Genesis 4:1-16 (NAV)

Fokusgedeelte: Genesis 4:7

In die dagstukkies oor Josef het ons gelees hoe Josef die versoeking van 'n verleidelike vrou kon weerstaan, hoe hy gevlug het van die sonde. Vandag lees ons die teendeel by Kain.

Die Here neem Abel se offer aan, maar nie Kain s'n nie. In Hebreërs lees ons die rede hiervoor: Abel het sy offer in geloof gebring, en Kain nie. Kain word woedend en die teelaarde is reg vir die sonde wat daarbuite lê en wag om toe te slaan.

Dit broei in sy gedagtes om sy broer te vermoor, maar kyk hoe genadig is die Here. Voordat Kain tot die daad oorgaan, waarsku God hom in vers 7. Die twee paaie word uitgespel: as hy goed doen, wag daar blydschap, as hy nie goed doen nie, wag daar sonde wat noodwendig op straf uitloop.

Luister ons na God? Hy waarsku ons vandag nog deur sy Woord, deur sy Gees, deur mense om ons, ouderlinge, predikante, geliefdes. Slaan ons ag daarop, of val ons in die mag van die sonde?

Kain kry egter ook 'n opdrag van die Here: Hy moet oor die sonde heers. Die mens is so geskape, om as kroon van die skepping oor alles wat God gemaak het, te heers. Ons moet in en deur Christus ons koningskap oor die sonde beoefen.

Ons kan, want Christus het die sonde oorwin en aan ons die Heilige Gees gegee wat ons wysheid gee, wat ons waarsku, wat ons die krag gee om oor die sonde te heers.

Kom ons vlug vir die sonde soos Josef, en nie soos Kain wat nie ag geslaan het op die waarskuwing van die Here nie en in die mag van die sonde geval het.

Sing: Psalm 32:1 (1936-beryming)

Ds LP van Jaarsveld (Brakpan-Suid)